

Lief en Leed

Voorbidding word gevra vir alle kanker pasiënte. Ons vra dat die Here hul sal bystaan vir die nodige behandeling. Hulle krag sal gee vir elke nuwe dag.

Voorbidding word gevra vir alle persone wat sonder werk is.

Joe Swart is steeds by haar dogter, haar vordering is baie goed en sy keer waarskynlik na die 20ste terug na Protea.

Petru Kruger - het steeds u dringende voorbidding nodig.

Ons is met groot dankbaarheid gevul omdat Gerty Slabbert ontslaan is.

Rina Cronje sê baie dankie aan al die Lofdalen inwoners en die gemeente vir hul gebede en ook vir Ds. Gideon se besoeke en gebede tydens haar siekte.

Ons vra ook solank voorbidding vir Elize Haasbroek wat DV op 21 Julie 'n knieervanging sal ondergaan.

Pieter en Magda Baard bly in ons gebede. Hy het voltydse versorging nodig. Ons bid ook dat Magda steeds die krag van bo sal ontvang om hom te versorg.

Tielman en Engela Nieuwoudt se kleinkind wat 'n breuk opgedoen het, het ook ons gebede nodig, en hy sal eersdaags geopereer word.

Petro Hanekom kry na die rugoperasie steeds behandeling in die rehabilitasie afdeling van Muelmed, sy herwin stadig maar seker haar kragte. Bid asb. dat sy eersdaags sal kan loop.

Dink ook asb. aan haar dogter na die afsterwe van haar skoonseun, Frank.

Abrie Beeslaar het 'n rug operasie ondergaan. Bid asb. vir vinnige herstel.

Lulu Malan is tuis en maak goeie vordering.

Annatjie Martins se vriend, Hennie, het gesterf. Ons bid vir haar met hierdie verlies.

Ons dink aan Thea Oosthuizen met die afsterwe van Oosie. Bid ook asb. vir haar met haar oë wat verswak het.

Die Aankondiger !

Omgeekerk kantoor nr: 012 664 6695

EREDIENS: 19 Julie 2015 om 9:00

Prediker: Ds. Gideon du Toit

Skriflesing: Openbaring 3:7-13

Tema: Ek sal jou 'n pilaar maak ... en jou vashou!

Liedere: Ps. 146:1,2,6; Lied 205:1,3; 292:1,2; 200:1, 3

Jeug: 18:00 Rusoord: 16:45

GEDAGTE VIR DIE WEEK

God se antwoord op Paulus se gebed: My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is (2 Kor.. 12:9)

GEBEDSVERSOEKE

Paulus skryf aan die Romeine dat die koninkryk van God nie "n saak van eet en drink is nie, maar van gehoorsaamheid aan God, vrede en vreugde, wat die Heilige Gees ons gee. Wie op hierdie manier vir Christus dien, geniet die guns van God en die agting van die mense (Romeine 14: 17-18).

Ons dank die Here vir godsdienstvryheid in ons land en bid vir die verkondiging van die evangelie (blye boodskap) van verlossing. Aan die einde van Ramadan tyd kan ons steeds bid vir Moslems in die nege "kamers in die Huis van Islam." 'n Gelowige uit Moslem-agtergrond het die noodsaaklikheid en waarde van gebed so saamgevat: "Ek glo dat die gebede van mense oor die wêreld opgestyg het na die hemel waar hulle saamgepak het soos groot monsoon-wolke. En vandag reën dit af op my mense en sien ons wonderwerke van genade en verlossing" (Jak. 5:16).

Ons bid vir die werk van Dokters Sonder Grense (MSF) wat ook 'n tak in Suid-Afrika het. Die organisasie is gestig in 1971 om nood mediese bystand te verleen aan mense oor alle grense heen. Vandag is daar reeds meer as 20,000 mediese en nie-mediese professionele mense betrokke. Mag die Here hulle werk seën.



ONS WAARDES Lê OPGESLUIT IN EFESIëRS 4: 1 - 3

Laat julle roeping julle leefstyl bepaal. Met totale beskeidenheid en sagmoedigheid, met geduld moet julle mekaar in liefde verdra. Deur in vrede met mekaar te lewe, moet julle die eenheid wat die Gees bewerk het, bewaar.

Kennisgewingbord

Bybel projek

Nuwe Bybels is beskikbaar in die kombuis-area. Indien u 'n Bybel in 'n Afrika-taal of Engels benodig, (hardeband teen R45 en sagteband teen R25) bestel asb. vandag nog in die kombuis area of skakel Annetta by 012 6404008 / 076 293 2125

OMGEE VROUE

Op Sondag, 2 Augustus, om 12uur eet die Gemeente saam om die Nagmaal van 26 Julie te vier. Ons hoop dat almal hierdie vriendelike uitnodiging sal aanvaar. Julle is welkom om familie en/of vriende saam te bring. Kaartjies is beskikbaar **teen R35 vanaf 22/07/2015** by Sue in die Kerkkantoor. Getalle is nodig voor 29 Julie. Ons hoop om almal daar te ontvang!

HUIS GIDEON

Ons doen 'n kerrie en rys, asook 'n verkope dag vir Huis Gideon, Saterdag, 25 Julie. Dis 'n heerlike geleentheid vir almal wat betrokke wil raak by Huis Gideon Pleeghuis om almal te ontmoet, asook vir almal wat nie lus is om middagete te maak, om 'n heerlike bakkie kos te kom koop!

ONTHOU ASB. ONS BANK INFO:

NG Lyttelton-Noord.

Absa Bank

Rek.nr: 600590243,

Tak: 335045

BRUINGELD

Sedert 21/11/2012 is daar al R 11165.00 ingesamel.

Deurkollekte :

Die week gaan dit vir Sending

GEESTELIKE LEESSTOF :

Geestelike boeke kan uitgeneem word, soortgelyk aan 'n biblioteek, en u kry so lank tyd soos u benodig om dit te lees. U kan ook boeke koop teen 'n donasie wat die sending-werksaamhede sal steun.

BYBELSTUDIEGROEPE :

Maandag	15:00	Parkdal	Dinsdag	09:00	Noorde
				10:00	La Vie
Woensdag	09:00	Parkrand	Donderdag	09:00	Dienssentrum
	10:00	Tiny Krige		10:00	La Borie
	10:00	Lofdal		11:00	Protea

Omgee-Manne:

Saterdagoggend 6:30 by die kerk

Baie geluk aan almal wat verjaar 19 Julie tot 25 Julie

Verjaar	Noemnaam	Van	Landlyn	Selfoon
07/19	Pierrie	Labuschagne	Geen	084 587 8025
07/19	Gert	Rall	Geen	082 873 3969
07/20	Marcelle	Erasmus	012 664 4660	
07/20	Ria	Nel	012 664 4141	082 557 8031
07/21	Wynand	Badenhorst	012 644 1915	072 515 0552
07/21	Scheepers	Kitching	012 664 3712	
07/21	Agnes	Mokwatedi	Geen	078 683 2471
07/23	Elmarie	Baard	012 667 3580	
07/24	Pierre	Du Toit	Geen	082 781 2399
07/24	Corne	Kriek	012 664 2329	071 119 3748

Die KANTOOR sal Maandag, 20/07/2015, gesluit wees en heropen Woensdag 22/07/2015. Jammer vir enige ongerief hierdeur veroorsaak.

Ons behoort aan God

Baie geluk aan die ouers Ryan en Madelaine Kröger en grootouers Vlietstra met die doop van Eric Kröger.

Baie geluk ook aan die ouers Ben en Cornelia Smith en ouma Maureen met die doop van Debora Isabella Smith.